

Woensdag 25 Junie

Skrifgedeelte: Jeremia 31:1-14; Johannes 15:1-8

Fokusgedeelte: Jeremia 31:12

Die Here se natgeleide tuin

Jeremia 31 lê ingebed tussen 'n paar profetiese uitsprake oor die toekoms van Israel. Die fokus is veral hulle toekomstige herstel ná ballingskap. Daar is talle “Ek sal”-uitsprake van die Here in hierdie hoofstuk, byvoorbeeld beloftes dat Hy 'n God vir Israel sal wees (31:1). Hoofstuk 31 loop dan ook uit op daardie pragtige belofte: “...Ek sal my wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf” (vs 33, 34).

In hierdie lyn van beloftes belowe die Here in vers 12 dat Hy aan die volk 'n oorvloed seëninge in die land sal gee: 'n land vol koring, nuwe wyn en olie. Die Here sal hulle nie net hierdie genietinge van die land gee nie, maar Hy sal die volk self maak soos 'n “natgeleide (welbesproeide) tuin”. Soos 'n welige, groen tuin wat besproei word aan die einde van 'n bloedige warm dag waar alles afkoel en jy in die verfrissing kan ontspan! Die beeld van 'n “natgeleide tuin” beteken die Here sal sy volk weer versterk en lewenslustig maak sodat hulle na 'n tyd van “warme wanhopigheid” verfris mag wees! Die Here maak nie van sy volk 'n dorre woestyn waarin alles en almal wegkwyn nie. Hy maak van sy volk 'n welige, lewendige, verfrissende tuin met 'n oorvloed water!

Deur die Here Jesus Christus het die Here hierdie dinge self kom doen. Sy volk is sy tuin; sy wingerd. En in hierdie tuin van Hom is die Here self die Tuinier wat die grond bewerk, water gee en aan ons snoei, sodat ons meer vrug sal dra (Joh. 15:1-8). In Christus word ons gesnoei, versterk, verfris.

Hy sal self vir jou wat lewensmoeg geword het, nuwe lewenskrag gee!

Sing: Psalm 65-1:1, 3, 7, 8

Ds. GM (Marnix) Boersema (Pretoria-Meintjeskop)